**DIE GEREFORMEERDE KERK PIETERSBURG**

# Die Basuin

**30 Oktober 2022**



**Predikant: Ds. S.P. Venter**

**Pastorie: 015 296 1840**

**Sel: 082 809 0222**

**Epos: sarel.pventer@gmail.com**

***Eredienste begin 09:30***

| | |
|---|---|
| **EREDIENS** | **Ds. Sarel Venter** |
| **Skriflesing** | Efesiërs 6: 10 - 20 |
| **Tema** | Staan vas en beskerm jou hart met God se vryspraak |
| **Sang** | Psalm 146: 1, 8<br>Skrifberyming 12-3: 1, 2<br>Skrifberyming 14-3: 1, 2<br>Skrifberyming 14-3: 3, 4<br>Psalm 48: 4,5 |

Die werklikheid van die stryd is dat ons ons nie teen die vyand sal blindstaar nie. Fokus op Christus se oorwinning. Die Bose is reeds oorwin. Dié veldslag het op die koppie by Golgota plaasgevind.

Die kernwoord in ons Skrifgedeelte is: Staan op jou plek. Bly waar jy reeds is (6:11,13,14). Om hierdie stryd tot die einde te voer en nie 'n sentimeter af te staan nie – daarvoor het God ons reeds alles geskenk! Paulus sê dat ons deur die Here bekragtig word (6:10). Ons ken die wapenrusting. Ek fokus op die Borsharnas: Die borsharnas het die soldaat se hart beskerm. Die vurige pyle van die Bose op ons sê: Julle is skuldig! Julle is sondaars wat die dood verdien! Die borsharnas van vryspraak deur God beskerm my teen hierdie gedurige beskuldigings van die Bose. Ek is uit die dood na die lewe oorgebring (2:1-5). Ek is iemand wat reeds 'n plek in die hemel het (2:6,7). Ons is nuwe mense (4:24) wie se sondeskuld deur die bloed van Christus afgeskryf is (1:7).

Gebed: Paulus sluit die gedeelte oor die wapenrusting van gelowiges af en voeg die gees en gesindheid by waarin ons ons wapenrusting, ons godgegewe uniform moet dra. Dit is 'n gesindheid van gebed. Ek is totaal van die Here afhanklik. Dit is die gesindheid wat gedurig in die lewe van gelowiges moet heers. Elke geleentheid moet gebruik word om vir mekaar te bid (18) vir hulle wat te midde van die stryd draers van die evangelie teen die Bose moet wees, gesante van Christus.

Laat ons nie ons pos verlaat nie. Dit is ons posisie van krag in die Here. Geloof is 'n eienaardige stryd. Ons moet deur die Heilige Gees bly glo dit is klaar gewen! Die Bose is aan die werk. Dit is nou die tyd om vanuit die oorwinning wat in die wapenrusting aan ons gegee is te gaan leef. Niks kan ons skei van God se liefde nie. Die oorwining is aan ons gegee.

## OOG VIR MEKAAR



* Ons bid vir Gerhard Maritz wat 7 weke in die intensiewe sorgeenheid in Pta behandel word. Ons dink aan Martie en Johan wat hom bystaan in die tyd.
* Ons bid vir Johanna Samuels wat in die hospitaal opgeneem is met bloedklonte in die bors en bene. Sterkte vir Hendrik wat haar bystaan.
* Ons is baie dankbaar saam met Gerdien Kuijpers dat die kankertelling laer is. Ons bid die Here se genade vir jou.
* Ons bid vir Anna du Toit en haar dogter wat beide kanker het. Sterkte vir die behandeling wat wag.
* Baie dankie aan almal wat gehelp het om die Nagmark ‘n sukses te maak. Hartlike dank aan Willie Oldewage wat die bees aan ons geskenk het.

## KONSISTORIEDIENSBEURT 30 OKT

Diensbeurt: Wyk 13
Ouderling: Albie Olivier

Katkisasie: Les 22
Diaken: Chris Botha

*Ouderlinge en diakens moet asb kennis neem dat hulle voor die erediens in die konsistorie moet vergader.*

**Eredienste begin 09:30**

## TEESKINKBEURTE



**30 Oktober 2022**
Nelie Badenhorst
Benita Barkhuizen
Alwina Beyneveldt
Elzanne Botha
Lynn-Marie Combrink

**6 November 2022**
Lilian Ferns
Annaleen Grobler
Elaine Grobler
Hannelie Kruger

Suster as jy nie beskikbaar is met jou teeskinkbeurt nie, ruil self met 'n ander suster uit asseblief!

## DATUMS OM TE ONTHOU

| DATUM | TYD | WAAR | WAT |
|---|---|---|---|
| 31 Okt | 18:00 | *Kerk* | Bedieningskommissie |
| 1 Nov | 09:30 | *Kerk* | Bybelstudie |
| 2 Nov | 18:30 | *Kerk* | Bybelstudie |
| 2 Nov | 19:00 | *Alta Theron* | Bybelstudie |
| 3 Nov | 09:30 | *Alta Theron* | Bybelstudie |
| 3 Nov | 19:00 | *ZOOM* | Bybelstudie |



# KALENDER



| *Verjaarsdae* | | | | |
|---|---|---|---|---|
| **Datum** | **Naam** | Ouderdom | **Belydend / Doop** | **Sel/Tel no.** |
| So 30 Okt | Heleen du Plessis<br>Simoné Jongbloed | 53<br>35 | B<br>B | 082 933 5360<br>084 511 3831 |
| Ma 31 Okt | Daleen Hoogendyk<br>Johan du Plessis | 63<br>20 | B<br>B | 084 298 8927<br>072 744 3300 |
| Di 1 Nov | Louisa vd Walt | 29 | B | 078 965 8226 |
| Wo 2 Nov | ***Sannie Schutte *****<br>Kaylie Adams | ***82***<br>2 | B<br>D | 066 143 9733<br>082 564 3787 |
| Sa 5 Nov | Toesie Weideman | 51 | B | 079 891 1557 |

| **Huweliksherdenkings** | | | |
|---|---|---|---|
| **Huweliksdatum** | **Lidmate** | **Jare Getroud** | **Sel/Tel no.** |
| Di 1 Nov 1997 | Johnny & Karen Krüger | 25 | 078 369 2166<br>072 709 0747 |
| Wo 2 Nov 1985 | Albie & Riana Olivier | 37 | 082 853 5470<br>082 460 8286 |
| Sa 5 Nov 2016 | Chris & Elzanne Botha | 6 | 083 608 4684<br>076 572 0991 |

# SENIORBURGER AFSLUITING

***Die susters nooi almal 60 jaar en ouer uit na die jaarlikse Seniorburger Afsluiting.***

Die afsluiting sal plaasvind op ***Woensdag 9 November 2022.*** Ons kom so vanaf 11:00 bymekaar om 12:00 behoorlik bederf te word met lekker kos, poeding, koffie en tee ens.



Kom kuier saam met ons en kom geniet die dag saam met almal.

***Om dit vir die susters makliker te maak is daar 'n lys opgesit agter in die portaal om jou naam op te sit.***

Die spreukwoord sê ***"If you snooze you loose"*** , so voorkom teleurstelling en sit jou naam vroegtydig op die lys.

Hoop ons sien almal daar op Woensdag 9 November.

# GEDAGTE VIR DIE WEEK

*Daar is immers net een God,*
*en daar is net een Middelaar tussen*
*God en die mense, die mens Christus Jesus*
*1 Timoteus 2: 5*

## TROKBEDIENING




Dankie vir die ondersteuning Geseënde November in Jesus vir die gemeente toegebid Vriendelike SATM groete Adriaan & Marina

# EVANGELISASIE



## Laat ons Sout & Lig

## in hierdie wêreld wees

Hand 16: 23...die bewaarder het hul buitekant toe gevat en gevra: "Menere, wat moet ek doen om gered te word?"
31Hulle antwoord hom:
"Glo in die Here Jesus, en jy sal gered word, jy en jou huisgesin."



## Praat saam....

- Hoekom moet jy glo?
- Om gered te word van jou sonde en van die ewige dood, die hel.

- Die persoon kan reageer; maar ek is dan 'n goeie mens. Steel nie, moor nie, en vat nie iemand anders se vrou nie.

# EVANGELISASIE (VERVOLG)



## Praat saam....

- Die vraag;
- Het jy al ooit 'n lekkertjie uit jou ma se kombuis geneem?, gesteel,
- Vir iemand baie kwaad geword en geskel?

- Klein en groot sonde is voor God sonde en moet gestraf word.
- Ons verdien die ewige dood, die hel.



## Praat saam....

- Die persoon moet besef hy is 'n sondaar
- En die sondaar verdien die ewige dood.
- Met erkening daarvan kom die GENADE, wat moet ek doen?
- Glo in die Here Jesus, en jy sal gered word

| | | |
|---|---|---|
| **Preke**<br><br>Kan afgelaai word op:<br><br>www.gereformeerd.co.za | **Kerkkantoor**<br>Faksnommer<br><br>Epos<br>Webwerf<br>Kantoorure | Nantes Kotze<br>(015) 296 0054 (Tel/Faks)<br>086 293 4674 (Faks)<br>admin@gereformeerd.co.za<br>www.gereformeerd.co.za<br>Ma, Wo, Vr. – 08:00 tot 12:00 en Sondagoggend na erediens |
| **Koster**<br>Nantes Kotze<br>015 296 0054<br>081 424 9651<br><br>**Orreliste**<br>Barbara Nagel<br>083 260 9581<br><br>Marisa Linde<br>083 408 2100 | **Bankbesonderhede**<br>**Kerkkas** | ABSA Tak 334-248<br>Tjekrek 11-5034-0426 |
| | **Diakonie** | ABSA Tak 632-005<br>Tjekrek 11-5034-1287 |
| | **Koningskinders** | ABSA Tak 632-005<br>Geldmarkrek 91-9071-1847 |
| | **Geref. Susters Org. Pietersburg** | ABSA Tak 632-005<br>Tjekrek 11-5034-0191 |
| | **Aktiwiteitskommissie** | ABSA Tak 632-005<br>Tjekrek 40-6962-4784 |

Die Finanskommissie versoek dat lidmate, waar moontlik, alle bydraes en kollektes per elektroniese oorplasing doen. Sien bankbesonderhede hierbo

***Bly dan op julle pos, toegerus met die waarheid as gordel om julle heupe, die vryspraak deur God as borsharnas,***

***Efesiërs 6: 14***



ALLE NUWE INTREKKERS MELD AAN BY DIE KERKKANTOOR NET LANGS DIE KONSISTORIE NA AFLOOP VAN DIE EREDIENS